# NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 35
1 OKTOBER 2017





## OGGENDDIENS 09:00

Hartlik welkom aan Pretoria-Noord gemeente wat vanoggend die erediens saam met ons bywoon.

**Lees:** Romeine 1:8 -17 (53 vert)
**Kernvers:** Rom.1:17
**Tema:** Ek, sondige mens, ontvang God se geregtigheid deur geloof alleen

Die noodsaaklikheid van God se geregtigheid – my sondeskuld
Die openbaring van God se geregtigheid – OT (Hab.2) en NT (Rom.1)
Die ontvangs van God se geregtigheid – deur geloof
Die uitdra van die boodskap van geregtigheid – Hervormers destyds en ons vandag

**Sang:** Ps.84:1; Ps.105:1,3; Ps.71:9; Ps.86:6; Ps.105:4,5; Skr.5-4:1,2,5,6

**KOLLEKTES:**
Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)
By die deure: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)

## Geen aandbyeenkoms

## GESAMENTLIKE EREDIENSTE

Die Gereformeerde kerke Akasia en Pretoria-Noord gaan voortaan tydens skoolvakansies gesamentlike eredienste hou. Elke gemeente gaan al om die ander Sondag die erediens aanbied.
Die eredienste begin 9:00.

*OKTOBER SKOOLVAKANSIE*
1 Oktober - Akasia
8 Oktober - Pretoria-Noord

## MEELEWING - AKASIA

Johan Potgieter (C02 012 5654682) is die afgelope week na ‘n operasie uit die hospitaal ontslaan. Ons is saam met jou dankbaar oor die herstel.

Elize van Deventer (C2 0826622297) het hartversaking.

## MEELEWING - PRETORIA-NOORD

*Martin van Staden is steeds in Eugene Marais.
*Boet Viljoen het ’n knievervanging ondergaan en herstel tuis.
*Ben van der Merwe sukkel met sy gesondheid.
*Rita Kruger is steeds in Medstep.
*Miekie Coetzee het hartversaking.
*Gerty Naudé is ernstig verswak in Kamdebo.

## Wense vir ‘n jaar van genade en seën

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | Laurchel | Koekemoer | B01 | | 0790587641 |
| 2 | | Louis | Jansen Van Vuuren | D01 | | 0824561075 |
| | | Pippin | Van Deventer | B01 | 0123312999 | 0833128961 |
| 3 | | Nicolene | Du Preez | A04 | | 0828575018 |
| 5 | | Elize | Van Deventer | C02 | | 0826622297 |
| 6 | | Hannetjie | Kleynhans | A04 | | 0723762119 |
| 7 | | Jorrie | Jordaan | A05 | 0125424635 | 0722752991 |

## Pretoria-Noord

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Kotie Nell | 0125467365 | 0721420028 |
| 4 | Kotie Venter | 0125465124 | 0827590535 |

# BYBELSTUDIE

Snr 2000: Dinsdag 10 Oktober 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 10 Oktober 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Eden: Dinsdag 17 Oktober. Kontak Dina Leibowitz 0125425141/0842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Amandasig: Donderdag 19 Oktober (10:00). Kontak Annatjie Briel 0125656046/0723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

# PRETORIA-NOORD

***100 Essensiële Skrifgedeeltes = E100*** **Bybelgenootskap se Bybellees-program**

| **E100 leesrooster vir week 18** | **PAULUS AAN DIE LEIERS** |
|---|---|
| 86 Ouderlinge en diakens | 1 Timoteus 3:1-3:16 |
| 87 Liefde vir geld | 1 Timoteus 6:3-6:21 |
| 88 Goeie soldate van Christus | 2 Timoteus 2:1-2:26 |
| 89 Die Skrif is deur God geinspireer | 2 Timoteus 3:10-4:8 |
| 90 Die wederkoms van die Here | 1 Tessalonisense 4:13-5:11 |

# ETIEKGESPREKKE

Almal word hartlik uitgenooi na die volgende etiekgesprekke by die pastorie:
12 Oktober 19:00 – Wat is Etiek en Christelike Etiek.
19 Oktober 9:00 – Die etiek van beloftes en geloftes.

# SUSTERS - AKASIA

**Teebeurte:** Oktober B1 en B2
Onthou asseblief om ‘n liter melk saam te bring.

# VERVOER KERK TOE (Pta-Noord)

8 Oktober Tienie Redelinghuys 083 303 0130

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/



# SENIORLIDMATE-UITSTAPPIE

Donderdag 12 Oktober, DV, onderneem die Seniorlidmate ‘n uitstappie na Ludwig Rose. Dit is nou die tyd van die jaar wat die rose op hul mooiste is. Ons vertrek om 8:30 vanaf die kerkterrein en beplan om ontbyt daar te geniet in die mooie roosrestaurant en om bietjie tussen die rose rond te loop. Sommige mense sal waarskynlik so vanaf 11:00 terugkeer huistoe, voor dit te warm word.

Ons nooi ook alle nie-seniorlidmate wat graag wil, om die uitstappie mee te maak. Daar is ook ‘n roosgeskenkwinkel. Roosbome en vars snyrose is ook beskikbaar om te koop.

Kom saam en verlustig jou in die mooi van God se skepping. Lidmate wat die uitstappie wil meemaak, kan julle name op die lys by die susterskennisgewingbord skryf.
Dui ook asseblief aan of jy vervoer benodig.

# SENIOR LIDMATE ONTHAAL - PRETORIA-NOORD

Die susters van Pta-Noord nooi al hul lidmate ouer as 65 jr en hul gades om DV Saterdag 21 Oktober 2017 die jaarlikse byeenkoms by te woon. Uitnodigings-kaartjies by Marietha Erasmus.

***GELUK:*** Hartlik geluk aan Renier en Jani van Rooyen met die geboorte van hul vierde kleinseun

# Crossroads: Sertifikaat seremonie by Kgoši Mampuru II Vroue

Crossroads beplan om in Oktober ‘n sertifikaat seremonie aan te bied vir ons studente in die vroue gevangenes in die Pretoria sentraal gevangenis. Marlien van Heerden, ons sendingwerker in die vroue gevangenis, wil graag vir elke Crossroads student (sowat 30) voorsien van ‘n wit T-hemp by hierdie geleentheid. As u graag hiervoor ‘n bydrae wil maak of die geleentheid wil bywoon, kan u haar gerus kontak by 082 562 5008 of Marieke by 061 031 9498.

## STOKPERDJIE- EN KUNSMARK

Ons jaarlikse mark is om die draai. Die mark is hierdie jaar vanaf 2 – 4 November. Dit is ‘n geleentheid waartydens ons medelidmate se talente en belangstellings kan leer ken en saam gesellig kan verkeer. Lidmate wat wil deelneem deur jul ware uit te stal en te verkoop, kan jul name by Manda Nel opgee.

Daar is geen stalletjiehuurfooi nie, maar elke uitstaller moet 10% van sy verkope-inkomste aan die Susters afstaan. Uitstallers hoef nie self heeltyd teenwoordig te wees nie.

‘n Teetuin sal deurentyd bedryf word. Deel van die program is die seniorlidmate se Bybelstudie-afsluiting die Donderdag, die Diakonie se potjiekosete Saterdag en moontlik ‘n opelugkonsert in die binnehof met ‘n kunstenaar.
Kontak Manda 012-5424712

## KERKGROEI-KONFERENSIE

DV Saterdag **14 Oktober 2017**

GK Pretoria-Noord gemeente bied ’n konferensie in samewerking met ***Expando*** *aan!*
**Die Tema: Só Groei Gesonde Gemeentes!**
**Program:**
8:30 **Verwag Die Wederkoms Só Om Te Kan Groei!** - Dr. Malan Van Rhyn
9:15 **Kerkgroei En Geld?!** - Dr. Griffel Van Wyk
(Wat is nie nodig nie, wat is nodig en hoe doen ek dit?)
10:30 Koffie, Tee En Verversings
11:00 **Lyk Só Om Te Kan Groei!** - Prof Stephan Joubert
**Plek: Gereformeerde Kerk Annlin**, H/V Braam Pretoriusstr en Kaneelbaslaan.
**Koste:** R50 pp.
**Bespreek:** by dr Malan van Rhyn: mvanrhyn@telkomsa.net of 082 858 0538
Óf gaan na die Facebook-blad GKSA Kerkgroei
en registreer daar.



## REFORMASIE

Daar is verskeie **REFORMASIE-**byeenkomste in Pretoria. Lidmate wat meer besonderhede verlang of wil bespreek, kan Mari Kirsten(Pretoria-Noord) kontak.

U word hartlik uitgenooi om op **SONDAGAAND, 8 OKTOBER** 2017, DIREK NA DIE AANDDIENS BY DIE GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT, GENL. BEYERSSTRAAT 256, PRETORIA-NOORD aan die opname van ‘n historiese vertelling in verband met die Geneefse Psalms te kom deelneem. Die aanddiens begin om 18:00.

## DIE REFORMASIE

**Dinsdag 31 Oktober** is die amptelike dag van die Reformasie 500 jaar gelede. Verskillende programme word aangebied om die gebeurtenis te herdenk onder andere ‘n program: “Maarten Luther-genade alleen” deur Carel Trichardt en Petru Wessels deur die Gereformeerde Kerk Kameeldrift. Die aanbieding word ondersteun deur die Tussenkerlike Raad (Nederduits Gereformeerde Kerk, Gereformeerde Kerke en Nederduits Hervormde Kerk).
Datum: Hervormingsdag 31 Oktober 2017
Plek: NG Kerk Magalieskruin, Braam Pretorius straat
Tyd: 18h30 vir 19h00
Koste: R100-00 per persoon. Sluit hoenderslaai en broodjie in.
Kinders: Daar word apart vir kinders onder 12 voorsiening gemaak met ‘n film en worsbroodjies teen R30-00 per kind
Kontak Susan Fourie by posvirsusan@gmail.com of 082 324 9399 vir besprekings voor of op 20 Oktober.